Kraggakamma Gemeente
Ons is God se fontein van liefde

WELKOM | Groot op genade

"Die Here is ons Herder..."

Kuberkamma

16 – 22 Februarie 2020

Fillipense 2:5 (NLV)

"Julle gesindheid moet soos Jesus Christus s'n wees."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? **Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.**

Program vir die Dag

09h00 Eietydse Diens - Belydenisaflegging
Geen Kategese
Die deurdankoffer gaan vir **Sinodaal – Hospitaal Bediening**

Program vir die Week

18 Februarie	18h30	ViA asfskop in die saal
	19h00	Leef@Kerk
19 Februarie	19h00	Kerkraadsvergadering
21 Februarie	05h00	Mannebyeekms te Lilylaan 68
26 Februarie	18h30	Aswoensdagdiens
27 Februarie	9h30	Fonteinvriende kuier saam met Yoti die Griekse Boertjie
28 Februarie	19h00	Mathys Roets

Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge

Bid saam met die Somaliërs in die Horing van Afrika dat hulle tot God sal wend wanneer hulle in onrus verkeer. Bid saam dat hulle 'n honger en 'n dors na die God van geregtigheid sal hê.

Foto

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

16 Februarie	Lallie Barnard, Antoinette Matthew, Antone Myburgh, Shanice Orban, Hennie Roets, Yvonne Strydom, Marlize van der Merwe en Dawie van Zyl
17 Februarie	Adriaan Jordaan, Helen Marais, Corrie Nieuwoudt, Noeline Pieterse, Lizl Schoeman, Jana van Rensburgh en Berenice Vermeulen
18 Februarie	Isabelle Botha en Susanne Otto
19 Februarie	Ernest Deyzel, Carika Grobler en Daphné Postma
20 Februarie	Theuns Botha, Johan Enslin, Christo Ross, Renelle Verster en Shaun Westraadt
21 Februarie	Simon Bosch, Danie Olivier en Ruaan van der Merwe
22 Februarie	Latesia de Lange, Trevor Herbst, Eugene Owen, Hartman Potgieter, Arné de Rust en Gunther Strauss

Padkos

Toe skryf God 'n laaste eenlyner oor iemand

Die slotreël van ons eie lewensverhaal moet 'n goeie een wees. So wens ons almal. Maar partykeer is dit nie die geval nie. Nog erger, soms skryf God Self daardie einste slotreël. Jesus vertel in Lukas 12 van so 'n situasie in sy gelykenis van 'n ryk man wie se hele bestaan net om homself gedraai het. Lewenslank het hierdie man al sy geld op homself uitgemors. Sy lewensfilosofie was min of meer die volgende: "jy het vir jouself 'n groot sak vol besittings opgegaar wat vir baie jare gaan hou. Eet, drink, hou partytjie, en geniet die lewe!" God kon hierdie godlose leefstyl egter nie uitstaan nie. Toe skryf Hy 'n doodsberig oor hierdie man, 'n eenlyner: "Jou dwaas. Vannag sterf jy! Dan kry ander al jou besittings!" Wat 'n treurige slotverhaal vir enigiemand se lewe. Boonop is God se slotwoord nie maar net nog 'n opinie nie. Dit is die realiteit! Daarom is dit lewensbelangrik om hier en nou binne God se wil te leef sodat sulke slottonele nooit die laaste sê oor ons lewe sal hê nie. Soek heel eerste die koninkryk van God. soos wat Jesus leer. Dan sal die slotverhaal van jou lewe een wees wat begin in die ewige koninkryk van die Here.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert **http://www.ekerk.org/**]

Kubergroete tot volgende keer

Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com